

**27 September**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 17:1-19:3  
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 17:1-5; 18:1-17; 19:1-3**

**Die Here bewys sy liefde aan sondaars**

Josafat was een van die grootste konings van Juda. Hy sit die hervormingswerk van sy pa en oupa voort. Hy stel sy eer daarin om na die wil van sy God te vra en verbrand die gewyde pale (17:6, 19:3). Hy geniet hoë aansien. Selfs die omliggende volkere is vir hom bang en stuur geskenke (17:10-11). Hy onderrig sy volk (17:7-9), maak hulle militêr weerbaar (17:12-19) en reël die regspraak (19:4-11).

Is hý nie dalk die nuwe Dawid nie – die een wat die stamme van Israel sal terugbring na hulle God nie?

Maar, ook Josafat stel teleur. Hy is eerder 'n tweede Salomo as 'n tweede Dawid. Soos Salomo sluit hy onheilige bondgenootskappe. Hy laat sy seun met die dogter van die goddelose Agab en Isébel van Israel trou. Dit sou later die heilige geslag van Dawid bedreig, want uit hierdie huwelik is die bose Atalia gebore. Salomo het teen sy beterwete herhaalde waarskuwings in die wind geslaan (2 Kon 11:9-13). So laat Josafat self vir Miga, die profeet van die Here, roep toe Agab se 400 profete valse voorspellings gemaak het. En tog luister Josafat nie na die woord wat Miga bring nie. Hy gaan saam met sy swaer in 'n oorlog teen die Arameërs. Later gaan hy 'n onheilige vennootskap aan met Agab se seun, Ahasia (2 Kronieke 37).

Die Here kondig deur die profeet Jehu aan dat sy toorn op Josafat rus. Soos Salomo, pluk sy nageslag die slegte vrugte van sy dae. Maar tog verwerp die Here nie vir Josafat nie. Sy genade aan hierdie sondaar is groot. Dis onbegryplik dat sowel God se toorn as sy liefde kan geld. Omdat ons Jesus Christus ken, kan ons iets van die wonder verstaan – dat God sondaars wat Hom liefhet, vergewe.

*Sing: Psalm:31:15*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*